

## **‘n Woedende draak het die kerk in sy vissier (OP6)**

### **Openbaring 12:1-18**

**23 Augustus 2020**

Laasweek het ons oorkoepelend na Openbaring 1-11 gekyk, en daarmee die eerste hoofdeel van die boek afgesluit. Ons het gesien dat hierdie hoofstukke perspektiewe bevat oor wat ons kan verwag in die tyd tussen Jesus se eerste en tweede koms. Dit bevat perspektiewe oor wat ons in die gemeentes kan verwag, wat die gelowiges in die wêreld kan verwag, wat die ongelowiges kan verwag, en natuurlik daarmee saam ook wat God van die mensdom verwag tydens hierdie periode. Tot ‘n groot mate was die fokus in hierdie gedeelte egter op die “wat” – die detail van wat gaan gebeur. Daar was relatief min inligting oor die “hoekom” van hierdie gebeure. Ja, ons het geleer dat God besig is om na Sy verborge einddoel te werk, maar daar is baie vrae wat jy sou kon vra: Hoekom soveel stryd? Wat dryf hierdie stryd? Hoekom kan sommige staande bly en ander nie? Hoekom is die ongelowiges se harte so hard? Dit is waaroor die tweede hoofdeel van Openbaring handel. Kan ek maar sê dit vertel vir ons meer van die storie agter die storie. Hierdie tweede hoofdeel dek die res van die boek.

Die eerste hoofdeel was opgebreek in drie onderdele: sewe briewe, sewe seëls en sewe trompette. Die tweede hoofdeel bestaan ook uit ‘n paar onderdele. Vandag begin ons met die eerste onderdeel in Openbaring 12, en dit strek tot met Openbaring 14 (miskien selfs tot die eerste paar verse van Openbaring 15) – kyk maar net na die opskrif in die NAV bo Op 14:14: “Die voltrekking van die oordeel”. Hierdie hoofstukke dek dus weer die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms. In hierdie gedeelte lees ons van sewe tekens wat Johannes gesien het. Vanoggend kyk ons net na die eerste een: die visioen wat handel oor die vrou en die draak in Openbaring 12.

In Openbaring 12 lees van ‘n stryd hier op aarde, en daar is ook ‘n stryd in die hemel.

#### Stryd op aarde

In vers 1 en 2 beskryf Johannes vir ons dat hy ‘n visioen gesien het van ‘n vrou in die hemel. Waarskynlik moet ons met “in die hemel” verstaan dat sy in die lug was. Hierdie vrou was bekleed met die son, sy het die maan onder haar voete gehad en op haar kop het sy ‘n kroon van 12 sterre. Sodra ons lees van die son, maan en 12 sterre, laat dit ons dink aan die gebeure in Genesis 37 – dit is waar Josef gedroom het dat die son, maan en 11 sterre voor hom gebuig het. Die son en maan was sy ouers en die 11 sterre sy broers. Dit het natuurlik vooruit gewys na Josef wat onderkoning in Egipte sou word. Maar wie is die son, maan en 11 sterre? Dit is tog Israel – die verbondsvolk op daardie stadium, veral as jy onthou dat Josef die 12de ster was. Die vrou is dus die gemeenskap van die gelowiges op ‘n spesifieke stadium in die geskiedenis. Voeg hierby dat Op 1:16 beskryf het dat Jesus se hele voorkoms soos die son gegloei het, en Op 10:1 waar ons lees dat Jesus se gesig soos die son was – dan word dit duidelik dat hierdie vrou ‘n baie noue verbintenis met Jesus het. Sy reflekteer die heerlijkheid wat van Jesus uitstraal.

Volgens vers 2 is hierdie vrou swanger. Sy is op die punt om geboorte te skenk. Uit vers 5 blyk dit dat sy dan inderdaad ‘n Seun in die wêreld bring. Vers 5 verduidelik ook dat hierdie Seun die Een is wat bestem is om die nasies met ‘n ystersepter te regeer. Dit herinner ons natuurlik aan Ps 2:7-9, en ons weet dat die Persoon na wie die psalm verwys natuurlik Jesus is. Wel, dit pas met wat Johannes sien, want ons weet ook dat Jesus juis uit die verbondsvolk, oftewel die Ou Testamentiese geloofsgemeenskap, gebore is. Dink maar aan profesieë soos Jes 7:13-14 waar belowe word dat uit die volk se midde ‘n Seun gebore sal word wat Immanuel genoem sal word. Boonop vertel vers 5 dat

hierdie Seun weggeruk is na God en Sy troon toe. Dit is natuurlik 'n verwysing na Jesus se hemelvaart, na Sy lyding, kruisiging en opstanding. Ons het tog ook nou al herhaalde male gesien dat die Seun van die Mens aan God se regterhand op die troon gaan sit het, en dat alle mag aan Hom gegee is.

Vers 3 vertel egter dat Johannes nog meer as die vrou en die Seun gesien het. Hy het ook gesien dat daar 'n groot vuurrooi draak was wat sewe koppe, tien horings en sewe heerserskrone gehad het. As jy spring na vers 9 dan is dit duidelik wie hierdie vuurrooi draak is: die slang van ouds (van Genesis 3), die duiwel, die Satan, d.w.s. die een wat bedrieg, die een wat beskuldig. Die feit dat hy sewe koppe, tien horings en sewe krone het dui duidelik daarop dat hy mag besit. Ja, natuurlik, soos ons al in die verlede gesê het, het hy net mag wat aan hom gegee is – meer hy het mag, en selfs 'n gesagsposisie, soos wat ons later sal sien uit die opvolgende hoofstukke. Maar ons moet tog ook die regte perspektief hou: Vergelyk hierdie draak met die Ruiter op die wit perd in Op 19:11-12, wat natuurlik Jesus is: Hy dra baie heerserskrone – nie net sewe nie. Hy is die Getroue en die Betroubare nie die bedrieër nie, Hy is die Regter wat oordeel – nie die aanklaer wat beskuldig nie. Onthou nou: Jesus, die Getroue Betroubare met baie heerserskrone wat die Regter gaan wees – is die Seun aan wie die vrou op die punt staan om geboorte te skenk. Dit is te verwagte dat dit die draak nie aanstaan nie – dis presies wat vers 4 ons leer: die draak wou die kind verslind sodra Hy gebore word. Trouens vers 2 maak dit duidelik die geboorte is baie pynlik. Die draak sou wat wou gee om die geboorte te verhoed (hy pynig die vrou), of andersins om die kind dood te maak met geboorte.

Dink nou aan die Ou Testamentiese geskiedenis:

- Gen 3:15 – “Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.” God het destyds al hierdie stryd tussen die slang en die vrou en haar nageslag aangekondig – meer nog: God het dit daargestel! Dit kom al van daar af. Die Satan weet die Een wat sy kop gaan vermorsel is op pad. Boonop gaan Hy die Regter wees. Die Satan sal alles in die stryd moet werp om Sy koms te verhoed.... Volg nou die Ou Testamentiese geskiedenis:
- Kain slaan vir Abel dood – maar Abel was dan die een wat Godvresend was uit wie se nageslag die Verlosser moes kom – vir 'n oomblik lyk dit of die Satan wen – dan word Set gebore.
- Die ganse mensdom se korrupsie lei tot die sondvloed – vir 'n oomblik lyk dit of die Satan wen – dan word Noag en sy gesin gered
- God beloof aan Abraham 'n groot nageslag, maar vir jare word daar nie 'n kind gebore nie – dit lyk of die Satan wen – dan word Isak gebore
- Dan eis God dat Isak geoffer moet word – vir 'n oomblik lyk dit of die Satan wen – dan voorsien God 'n ram
- By Sinai maak die volk 'n goue kalf, en God dreig om hulle uit te wis – vir 'n oomblik lyk dit of die Satan wen – dan tree Moses vir die volk in
- Uit Dawid se nageslag moet die Verlosser kom, maar dan gooi Saul die spies na Dawid as hy vir hom musiek speel – vir 'n oomblik lyk dit of die Satan wen – dan koes Dawid
- Na die ballingskap maak Haman 'n plan om die Jode uit te wis – vir 'n oomblik lyk dit of die Satan wen – dan gaan Ester na die koning
- Wanneer die Seun van die vrou wel eventueel gebore word, maak Herodes die seuntjies van 2 jaar en jonger dood – vir 'n oomblik lyk dit of die Satan die kind gaan verslind sodra Hy in die wêreld kom – dan waarsku God die sterrekykers en Josef – en die Seun word gebore!

Kan jy jou indink hoe gefrustreerd die Satan al op daardie stadium was? Nes hy dink hy het die geboorte gefnuik, misluk hy. Hy kon die geboorte net nie verhoed nie. Wat is die volgende logiese plan? Maak die Seun dood. Die Satan oortuig die Joodse Raad en die volk en Pilatus om Hom te kruisig. Uiteindelik! Hy is dood! Maar dan staan Hy op. En Hy word weggeruk na God en Sy troon! Weereens word die Satan gefnuik. Maar die keer is dit ernstig: Nie net kon hy nie die Seun se geboorte keer nie, nie net was hy onsuksesvol om die Seun dood te maak nie – nee, die gevolg is die Seun sit nou aan die regterhand van God op die troon met alle gesag. Dit maak die Satan nog meer woedend. Maar steeds is dit nie die einde van sy ellende nie.

### Stryd in die hemel

Volgens vers 7 is daar nog 'n stryd aan die gang – waarskynlik geassosieer met die wegruk van die Seun na God en Sy troon. Hierdie stryd is in die hemel. Migael, een van die hoofengele, voer saam met die ander engele oorlog teen die draak en sy engele. Dit gryp heelwaarskynlik terug na Daniel 10, waar ons lees van Migael wat saam met “iemand soos 'n Mens” stryd voer teen die engel van Persië en Griekeland, d.w.s. die bose magte. Dit lyk my wat ons hier moet verstaan is die volgende: Jesus fnuik die Satan se plan om Hom dood te maak. Wanneer Hy uit die dood opstaan, gaan Hy hemel toe. Terselfdertyd stry Migael en sy engele saam met Jesus – hulle fnuik die Satan nog verder: Die Satan en sy engele word uit die hemel gewerp!

Wat jy in gedagte moet hou is die volgende: Tot op hierdie punt het die Satan toegang tot God gehad. Hy kon die gelowiges by God aankla (onthou hy is die een wat bedrieg en dan beskuldig). En tot op hierdie punt (d.w.s. die kruisiging) het die Satan nog grond gehad om op te staan voor God: Die gelowiges staan skuldig voor God (ja, weliswaar a.g.v. die bedrieëry van die Satan) – en hulle het nie 'n behoorlike alibi nie – hulle is skuldig. Maar nou dat die Verlosser gekom het, nou dat Hy gesterf en opgestaan het, nou dat Hy in hulle plek gesterf het en sodoende vir hulle versoening gedoen het – nou is die duiwel se argument daarmee heen. Trouens, die Verlosser sit aan God se regterhand waar Hy as die Getroue Betroubare vir hulle intree. Die Satan het nie meer 'n saak nie. Soos Rom 8:33 sê: Wie kan die uitverkorenes van God aankla?

Kan jy jou indink hoe gefrustreerd die Satan nou is? Nie net kon hy nie die geboorte van die Seun keer nie, nie net was Hy nie suksesvol om die Seun dood te maak nie, nie net is die Seun nou die Regverdige en Betroubare Regter op die troon nie, boonop is die Satan nog uit die hemel gegooi ook, en hy het geen argument meer om die vrou mee aan te kla nie! Dit maak hom woedend! Lees Op 12:10-12. Daar is vreugde in die hemel – maar nou is die krisis op aarde met 'n woedende Satan wat weet hy het sy posisie in die hemel verloor, hy is beperk tot die aarde – en boonop het hy min tyd ook!

### Krisis op aarde?

Al wat nou vir die Satan oorbly, is dat hy hom op die vrou toespits. Nou, na Jesus se hemelvaart, verteenwoordig die vrou sekerlik die ware kerk – die geloofsgemeenskap in die Nuwe Testament.

Vers 6 vertel ons dat die vrou na die woestyn gevlug het, waar sy vir 1260 dae lank versorg is. In vers 14 word beskryf dat sy vir 'n tyd, tye en 'n halwe tyd in die woestyn versorg word. Ons het 'n paar weke oor hierdie periode van 1260 dae of tyd, tye en 'n halwe tyd gepraat – en gesien dit is die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms. Dit is dus tot en met die blaas van die sewende trompet dat die vrou, die kerk, in die woestyn is.

Vers 13 maak dit baie duidelik dat die vrou in die visier van hierdie woedende draak is. Volgens vers 15 spoeg hy 'n stroom water soos 'n rivier agter haar aan om haar daardeur mee te sleur. Dit lyk

voorwaar na 'n krisis vir die kerk. Dink maar net aan 1 Pet 5:8 waar die kerk gewaarsku word teen die duiwel wat soos 'n brullende leeu rondloop op soek na iemand om te verslind! Die kerk sal voorwaar nugter en wakker moet wees vir aspekte soos die volgende:

- Die draak se fokus was sedert Gen 3 om die koms van die Een wat sy kop gaan vermorsel, te voorkom. Maar dit was juis die vrou wat geboorte geskenk het aan hierdie Verlosser. As die draak so 'n aksie teen Jesus het, kan die vrou dieselfde verwag. Lees Mat 24:9 "Julle sal deur al die nasies gehaat word omdat julle My Naam bely".
- Hierdie is nie ydele dreigemente nie. Die duiwel is werklik woedend en soek iemand om te verslind. Kyk maar net wat het alreeds gebeur in die sewe gemeentes:
  - Verleiding – Op 2:2 – Efese moes ondersoek instel na mense wat voorgegee het dat hulle apostels was, maar wat dit nie was nie. Hulle was leuenaars.
  - Vals leer – Op 2:14-15 – Pergamum het aanhangers van die leer van Bileam en die Nikolaiete in hulle midde gehad.
  - Vervolging – Op 2:10 – Smirna moes die waarskuwing hoor dat hulle selfs in die tronk gegooi gaan word, en getrou moet bly tot die dood toe

Maar tog is daar ook baie ryk bemoediging in hierdie gedeelte vir die kerk. Kom ons dink oor die volgende:

- Die vrou vlug na die woestyn. Hoekom juis na die woestyn toe? Dink aan Israel. Na hulle verlos is uit Egipte, moet hulle deur die Rooi See en die woestyn trek op pad na die beloofde land. Netsoos die tabernakel 'n prentjie is van die geloofspad wat die gelowige loop, is die trek na die beloofde land. Hulle word uit die slawehuis deur die Rooi See gered (regverdigmaking), daarna trek hulle deur die woestyn waar hulle die wet ontvang waarvolgens hulle moet lewe (heiligmaking), tot hulle op die ou end in die beloofde land intrek (heerlikmaking). Hoekom is 'n woestyntog goed vir heiligmaking? Lees Deut 8:15-18. Ja daar is giftige slange en skerpioene, dors en honger – maar dis God wat water uit die rots gee, dit is God wat manna gee – en uit jou eie swakheid leer jy dit is God wat jou die rykdom, die heerlijkheid gee.
- Volgens vers 14 is daar arendsvlerke aan die vrou gegee om na die woestyn te kan vlieg. Lees Deut 32:10-12 wat weereens 'n simbool is van God se omhelsende liefde en versorging van die vrou. Of lees Eks 19:4 waar God duidelik aandui dat Hy Sy volk op arendsvlerke gedra het – weg van Egipte af en na Hom toe. Onthou, God is besig om ons deur heiligmaking (in die woestyn) na heerlikmaking (d.w.s. na Hom toe) te lei.
- Let op in beide vers 6 en vers 14 word daar gepraat van die plek wat God vir haar gereed gemaak het. Die woord wat hier met "plek" vertaal is, is "topos". Dit word soms met "tempel" of "heilige" vertaal – kyk byvoorbeeld na Mat 24:15 waar Jesus praat van die ding wat vir God 'n gruwel is "in die heilige plek" (NAV) "heiligdom" (OAV). Kyk ook na Op 2:5 waar Efese gewaarsku word dat haar lamp van sy "plek" weggevat sal word as hulle hulle nie bekeer nie. Ek dink Beale het 'n punt as hy suggereer die plek wat vir die vrou voorberei is deur God vir bewaring tydens hierdie periode tussen Jesus se eerste en tweede koms, is die heilige, heilige plek. Maar ons weet in die Nuwe Testament is dit die gemeente. Dit is waar sy versorg word – deur die dinge wat ons al gesien het: die Woord (klein boekie), die Heilige Gees (olyfolie), gereelde gebede tot God.
- Boonop lees ons in vers 16 dat die aarde die stroom water wat die draak uitgespoeg het agter die vrou aan, deur die aarde opgesluk is. Dink maar aan die Rooi See wat die Egiptenare wat agter die volk aangekom het, ingesluk het. Of dink aan Korag, Dan en Abiram wat in rebellie teen Moses opgestaan het, wat deur die aarde ingesluk is. Ja, die

aanslae kom – maar God bewaar Sy kerk – beide teen aanslae van buite (soos die Egiptenare) maar ook teen aanslae van binne (soos Korag, Datan en Abiram). God bewaar Sy kerk tot die einde toe – tot in die beloofde land, tot hulle die opdrag kry: “Kom op hierheen”, en hulle vergader om die sigbare verbondsark.

### Toepassing

- Ons leef in ‘n tyd waar dit ongewild is om van die duiwel te praat. Ek lees die afgelope week op Psychology Today se webbladsy hoe hulle betoog teen die konsep van die duiwel, hoe skrikwekkend dit vir hulle is dat opgevoede mense wat selfs in gesagsposisies is en besluite neem wat ondergeskiktes raak, steeds vashou aan hierdie uitgediende konsep van die duiwel en bose magte, terwyl daar (volgens hulle) geen bewyse voor is nie. En tog het hulle nie werklik ‘n teenargument nie: hulle beste verklaring vir slegte dinge wat in die wêreld gebeur is dat dinge maar net gebeur, dat dit individuele mense is wat verkeerde dinge doen. Een sielkundige skryf hy moet erken daar is mense wat “duiwels” is, want sy werk stel hom bloot aan mense wat werklik verskriklike dinge doen. Die uitdaging vir hom is nou hoe besluit jy wanneer het iemand daardie grens oorgesteek om geklassifiseer te word as “duiwels”. Sien jy hoe skarrel die mensdom om sin te maak uit wat rondom hom gebeur? Kan ek jou herinner aan wat ons laasweek gesê het? Dis net gelowiges wat albei God se openbarings het, wat by werklike wysheid kan uitkom. En die klein boekie is baie duidelik daar is ‘n duiwel.
- Die duiwel speel ‘n groot rol in die wêreldgeskiedenis – in beide die Ou en Nuwe Testamentiese tye, selfs tot met die wederkoms. Die rol wat hy speel is ‘n rol van stryd en vyandskap tussen hom en Jesus, en tussen sy volgelingen en Jesus se volgelingen. In die opvolgende hoofstukke gaan ons dit in nog meer detail sien. Maar let op wat Gen 3:15 ons leer: God het daardie vyandskap daargestel. God het ‘n plan daarmee. Ons sal nog baie hieroor moet besin. Maar kan ek een gedagte by jou laat vir nou: Lees weer Op 12:10-11. Hoeveel van hierdie lofprijsing in die hemel sou kon plaasvind as daar nie hierdie vyandskap was nie?

God is die Alwyse God wat werk vir Sy eie eer – wat Hy volkome waardig is!